

# DIE HART VAN DIE Aanbidder

JACO VAN ROOYEN

11 Die ark van die Here het drie maande in Obed-Edom se
huis gestaan, en die Here het hom en sy hele gesin
voorspoedig gemaak. 12 Daar is toe aan Dawid vertel: “Die
Here het die gesin van Obed-Edom voorspoedig gemaak en
al sy besittings vermeerder ter wille van die ark van God.”
Dawid het toe gegaan en die ark van God met feesvreugde
uit die huis van Obed-Edom na die Dawidstad toe laat bring.
13Elke keer wanneer die draers van die ark van die Here ses
tree gestap het, het hy 'n bul en 'n vetgemaakte kalf geoffer.

2: 2 Sam 6:11-13 (NKJ)

14 Met volle oorgawe het Dawid voor die Here gedans met
net 'n linneskouerkleed aan. 15 Hy en die hele Israel het die
ark van die Here met gejuig en onder die geklank van die
ramshoring ingebring. 16 Terwyl die ark die Dawidstad
ingekom het, het Saul se dogter Mikal deur die venster
afgekyk. Sy het koning Dawid gesien terwyl hy spring en
dans voor die Here en sy het hom in stilte verag.

2: 2 Sam 6:14-16 (NKJ)

17 Hulle het die ark van die Here ingebring en dit op sy
bestemde plek neergesit in die tent wat Dawid daarvoor
opgeslaan het. Dawid het brandoffers en maaltydoffers vir die
Here geoffer. 18 Toe hy klaar geoffer het, het hy die volk
geseën in die Naam van die Here die Almagtige. 19 Hy het aan
die hele volk, die ganse menigte van Israel, man en vrou,
elkeen 'n ringbrood, 'n bietjie dadels en 'n handvol rosyntjies
laat uitdeel. Hierna is almal huis toe,

2: 2 Sam 6:17-19 (NKJ)

20 en Dawid het teruggegaan om sy gesin te seën. Saul se dogter Mikal het hom tegemoet gegaan en smalend gesê: “Hoe waardig het die koning van Israel hom vandag gedra! Hy het hom die heeldag voor die slavinne van sy onderdane ontbloot soos 'n onbeskaamde mens wat hom sommer ontbloot.” 21 Hy het vir Mikal geantwoord: “Voor die Here wat my verkies het bo jou pa en sy familie deur my aan te stel as heerser oor Israel,

2: 2 Sam 6:20-21 (NKJ)

die volk van die Here, ja, voor die Here sal ek dans. 22 Ek sal myself nog geringer ag as dit en nederig wees in my eie oë deur my by die slavinne van wie jy praat, waardig te gaan gedra.” 23 En tot die dag van haar dood het Saul se dogter Mikal nie 'n kind gehad nie.

2: 2 Sam 6:22-23 (NKJ)

# Die gees van Mikal...


...maak jou onsensitief vir
die teenwoordigheid van God


...dwing jou om jou reputasie te beskerm


...sal prioriteit gee aan aanbiddingstyl
eerder as die vloei van die Gees

…veroorsaak onvrugbaarheid
in jou lewe